

# **Die Suid-Afrikaanse Woonwa-Assosiasie Streek Kiepersol**

## **Voorsittersverslag vir die jaar eindigende by die AJV, Augustus 2008**

### **Inleiding**

Meneer die voorsitter en geagte President Christo van der Merwe, Nasionale Voorsitter Jurie Dreyer, ander Dagbestuurslede, Gebiedsvoorsitter, Streekvoorsitter Rietvallei, ander gaste en lede van Streek Kiepersol.

Dit is vir ons streek 'n baie spesiale geleentheid en 'n groot voorreg om so baie van die SAWA-familie en 'n groot getal lede hier te sien.

Vandag kyk ons nie net terug oor die afgelope jaar nie, maar oor 'n tydperk van 25 jaar. Sedert Streek Verwoerdburg op 20 Augustus 1983 te Joos Becker van Pretoria afgestig het, het daar baie water in die see geloop. By die AJV in die jaar 2000 is besluit dat die streek 'n nuwe naam moet kry. By 'n spesiale AJV op 17 Maart 2001 moes daar uit 11 name gekies word. Na die eerste stemming moes daar weer tussen die name Karee en Kiepersol gekies word. Dis geskiedenis dat ons streek sedert daardie dag as Kiepersol bekendstaan. Ons het egter voortgegaan om op die pad te loop wat sedert 1983 bewandel is. Die wel en wee van ons streek is goed saamgevat in die gedenkuitgawes van Kampkrummels wat in Augustus 2004 en nou weer in Julie 2008 gepubliseer is. Daarom gaan ek nie meer daaroor sê nie.

### **Dankie**

Ek begin graag vandag met 'n groot DANKIE.

Dis altyd lekker om dankie te sê aan die lede van Kiepersol vir hulle deelname aan die streek se aktiwiteite. Dit is duidelik uit kampbywoning, deelname aan kamp-aktiwiteite, fonds insameling, bereidwilligheid om take by kampe uit te voer, op komitees te dien ens.

### **Skakeling op Gebieds- en Nasionale Vlak**

Streek Kiepersol is deel van die groter SAWA en kan dus nie in isolasie funksioneer nie. Daarom is ons streek in die Jakaranda gebiedsbestuur verteenwoordig, word die gebied in die NUB verteenwoordig en het twee afgevaardigdes van Kiepersol sitting op SAWA se hoogste gesagsliggaam, die Kongres. Goeie skakeling is met die Gebiedsvoorsitter, en deur hom met die NUB, bewerkstellig.

### **Streekbestuur**

Volgens die SAWA grondwet en reëls is die Streekbestuur die hoogste gesag in die streek as die AJV nie in sitting is nie. Agt lede is op die vorige AJV verkies.

Voorsitter:	Pieter van Biljon
Ondervoorsitter:	Pierre de la Harpe
Sekretaris:	Johanna van Biljon
Penningmeester:	Rigard Lemmer
Senior Burgers:	Schalk Nolte
Redakteur:	Johann Lemmer
Addisionele lede:	Thys Botha en Frank Smith

Pierre de la Harpe moes vanweë sy werkverpligtinge in die Vrystaat as ondervoorsitter bedank. Die pos het vakant gebly tot by die AJV in 2008. Kobus Fourie en Louis van den Berg is op die bestuur gekoöpteer.

Vergaderings is op 'n maandelikse basis gehou. Dit geskied aan die hand van sakelyste wat vooraf uitgestuur word. Notules is gehou en is ter insae. In September 2007 het die bestuur 'n beplannings- en spanbou vergadering gehou. Dit het oor 'n naweek plaasgevind. Beplanning is daar gedoen wat in die loop van die jaar uitgevoer is.

### **Ledesake**

**Nuwe lede:** Daar het gedurende die jaar vier lede aangesluit. Baie welkom aan die volgende lede (vra dat hul opstaan asseblief)

Manie en Thea Britz

Theo en Irma Beneke en hulle vier studente kinders

Etienne en Rachel de Swardt en kinders

Dedre Botha (haar ouers is ook SAWA-lede)

**Oorplasings:** Twee lede het oorplasings aangevra:  
Pieter van Zyl na Pretoria en Chris Pienaar na Wapadrand.

**Bedankings:** Ons is jammer dat vyf lede bedank het.  
Waldo Delport, 'n stigterslid, vanweë gesondheidsprobleme  
Jan Sterk (woonwa verkoop)  
Ernst van Biljon (verhuis en gesondheidsredes)  
Theunis van Rensburg snr.  
Colin Bowring

**Nie- hernuwings:** Daar was drie wie se lidmaatskap verval het vanweë nie-hernuwings:  
Theunis van Rensburg jnr. (verhuis na Durban)  
Richard Szalek

Daar is met die betrokke lede geskakel om te poog om hulle as lede te behou.

### **Sterftes**

Die streek moes ongelukkig ook twee van sy aktiefste lede aan die dood afstaan naamlik Willem Burger en Eddie Leach. Oom Eddie was 'n stigterslid en eerste voorsitter van die streek. Ons eer hulle nagedagtenis.

Ons hou ledewerwing hoog op die agenda en motiveer mense wat nie woonwaens het nie om met tente te kom kamp. Tydens die kamp vir werkende jongmense het heelwat persone in tente gekamp en my mening is dat dit 'n terrein is waar daar nog baie aandag aan gegee moet word omdat dit 'n vrugbare bron vir werwing is.

Ons sien dus dat Kiepersol se ledetal 'n bietjie gedaal van 74 na 68 lede.

### **Geestelik**

Boekevat, kategeese en eredienste word gereeld op saamtrekke gehou en baie getrou deur lede bygewoon. Waar ons as woonwa entoesiaste in die bevoorregte posisie is om dikwels in

die natuur te kom is dit juis daar waar ons ons nigtigheid as mens besef en ons ons hoop, krag en afhanklikheid van ons Vader in die hemel ontvang. Mag Kiepersol nooit op eie krag staatmaak nie.

### **Saamtrekke**

SAWA as geheel het die afgelope jaar 'n afname in die bywoning van kampe gehad. Al die SAWA-saamtrekke is egter deur Kiepersoldelede bygewoon. Hier verwys ek na die streekkampe, Gebiedskamp, Presidente, Bonanza naweek en 100 Plus. Van die 68 lede in ons streek het 42 een of meer saamtrekke bygewoon. Die persentasie aktiewe lede is dus 62. Die gemiddelde persentasie wat streekkampe bygewoon het is 22. Dis nie die laagste in die gebied nie, maar dit kan baie beter.

Meer volledige statistiek:

Die bywoning syfers oor 'n jaar was as volg: (die AJV is die 1ste kamp van die jaar 2007-2008)  
Streeksaamtrekke: 8 kampe, 123 lede. Dit is 15,4 lede gemiddeld per kamp (22%)

Presidente: 1 kamp, 11 lede dws. 15,7%

Gebiedskamp: 1 kamp, 15 lede dws. 21,4%

Bonanza-naweek: 1 kamp, 4 lede dws. 5,7%

Werkende jongmense: 1 kamp, 66 mense, 6 Kiepersoldelede

Bestuurskamp: 1 kamp, 7 lede (87,5%)

Streektoer (Wildtuin): 12 lede (net 12 plekke in Wildtuin)

Lede wat GEEN kamp 2007-2008 bygewoon het nie is 26 lede dws 37,1%

Die saambraai/afsluiting geleentheid by die kampe is gereeld gehou en deur almal bygewoon.

### **Finansies**

Die finansiële verslag van die penningmeester is in die sakelys ingebind en ek vertrou dat u dit in orde sal vind.

Ons het een fondsinsamelingsfunksie gehad naamlik die Musiekpretaand. Behalwe dat dit groot pret was het dit ook 'n mooi wins opgelewer. Baie dankie aan almal wat hul deel gedoen het om van die aand 'n sukses te maak.

Ek wil klem lê daarop dat ons nie 'n organisasie is wat wins as oogmerk het nie maar dat ons poog om met ons fondsinsamelings projekte te balanseer met ons finansiële uitgawes. Dit is egter nodig om 'n nes eiertjie beskikbaar te hê om die streek se finansiële verpligtings na te kom.

By die jaarlikse fietsfees het Kiepersol die geleentheid gekry om kerrie en rys te verkoop. Die bestuur het dit as geleentheid gesien om geld in te samel. Ek kan met trots sê dat ons 'n mooi bedrag geïen het. Baie dankie aan die bestuur en lede wat gehelp het om dit moontlik te maak.

Tradisioneel word uitgawes wat met die AJV-funksie aangegaan word hoofsaaklik uit die kas betaal. Op hierdie manier ploeg ons 'n bietjie geld terug, ook om dankie te sê vir hulle ondersteuning.

Baie dankie aan Rigard vir die presiese wyse waarop hy rekord hou van die streek se finansies. Ek kan u verseker dat alle finansies met groot omsigtigheid bestuur word.

## Jeug

Streek Kiepersol se inisiatief om 'n saamtrek vir jonger mense, wat reeds die skool verlaat het, te reël het goeie vrugte afgewerp. Die saamtrek is by Klein Kariba gehou oor die eerste naweek van Maart. Twee pare van Kiepersol se volwasse jonger lede het as gashere opgetree (Kobus en Madeline Fourie asook Louis en Madelein van den Berg). Baie dankie aan hulle asook Johanna van Biljon wat die inisiatief geneem het om die byeenkoms te reël.

Daar was 58 jonger volwassenes en kinders by die saamtrek. Onder hulle was nege lede en nog nege volwasse kinders van Sawanante. Drie volwassenes en drie kinders het reeds aansoek om lidmaatskap gedoen. Daar was ook verskeie versoeke dat weer so'n saamtrek plaasvind.

## Senior Burgers

Die persentasie senior burgerlede is 37,2 terwyl die gemiddelde ouderdom van al ons lede met 0,7% toegeneem het. Die seniors het onder Schalk Nolte se leiding 'n saamtrek by Nkwe gehad en daar was gereeld van hulle ook by ander saamtreke. Schalk het in sy rubriek in Kampkummels gereeld artikels oor senior burger-egpare geskryf wat baie interessante leesstof maak.

SAWA-toere is goed ondersteun. Daar was sewe van ons seniors saam met die Rondom SA Toer terwyl vyf van ons lede die Vrugtetoer meegemaak het.

Ons weet egter dat ongesteldhede verskeie van ons senior burgers oorval het, maar dank Sy genade gaan dit in die algemeen goed. Pensioentrekkers is veral kwesbaar vir koue winters, inflasie en brandstofpryse en hiervoor moet ons begrip hê.

## Kommunikasie

Die kommunikasie in die streek geskied hoofsaaklik deur die voogleiers wat met die lede skakel wat aan hulle toegewys is. Vir hierdie doel maak hulle van persoonlike kontak, telefoonoproepe, e-posse of kort teksboodskappe (SMS'e) gebruik. Daar is ook 'n fasiliteit in werking gestel waarmee massa-teksboodskappe per rekenaar vinnig, goedkoop en doeltreffend aan al ons lede gestuur kan word. Die antwoord-diens ('Reply') is gratis en word deur die streek-kas betaal. Lede het positief hierop gereageer, baie dankie. Dankie ook aan Kobus Fourie wat die inisiatief in die verband geneem het.

Lede maak ook toenemend gebruik van die SAWA webwerf [www.sawa.org.za](http://www.sawa.org.za) waar Kiepersol sy eie webblad het.

Die belangrikste kommunikasie bly egter steeds 'Kampkummels', ons streeknuusbrief wat die afgelope 25 jaar gereeld verskyn het.

## Streeknuusbrief

Kampkummels het gedurende die verslagjaar weer eens gereeld verskyn en hou lede op hoogte van alle aktiwiteite en aksies in die streek, sowel as in SAWA.

Ons nuusbrief kan ongelukkig nie meeding vir die "Beste Nuusbrief-trofee" nie omdat Johann nou al vir nege jaar op nasionale vlak by die beoordeling van nuusbriewe betrokke is.

Ek glo egter Kampkrummels is en bly steeds die beste nuusbrieff in SAWA omdat dit aan al die kriteria voldoen. Kyk maar na die gehalte van artikels en berigte, kwaliteit van die foto's, netjiese drukwerk, tegniese aspekte, verpakking en verspreiding, noem maar op.

Ek maak graag van die geleentheid gebruik om 'n woord van dank te spreek aan die redakteur, Johann Lemmer, vir sy harde werk en Alet wat hom hierin bystaan. Dit is nou al dertien jaar dat hulle hierdie, soms ondankbare, taak verrig. Dit gaan definitief nie ongesiens verby nie, baie dankie.

En al die lede wat bydraes vir Kampkrummels gelewer het, glo my dit word alles met aandag gelees.

### **Bedankings**

In aanvulling by wat reeds gesê is, is dit vir my baie aangenaam om die volgende persone en instansies van harte te bedank vir hulle bydrae in belang van die Streek en SAWA in die algemeen.

- Die Sosiale komitee, kategete, kampkommandante, senior burgers en ander lede wat maar te gewillig was om hand by te sit as daar op hulle knoppies gedruk word.
- Baie dankie aan die Nasionale Dagbestuur en die Nasionale Uitvoerende Bestuur vir die bekwame manier waarop hulle SAWA se sake bestuur.
- Ek wil ook graag die Streekbestuurslede en hulle gesinne asook die ander lede bedank vir die bydrae wat hulle gelewer het sodat almal kon deel in die sukses van die jaar.
- Baie dankie aan Johanna wat my deur die jaar bygestaan, ondersteun en motiveer het. As daar frustrasies was, was sy die een wat my weer perspektief gegee en op koers geplaas het.

### **Ten slotte**

Ons loof en eer ons Hemelse Vader, die gewer van goeie gawes en beskermmer van ons streek en sy mense. Kiepersol gaan sy 26ste bestaansjaar binne. Ons weet nie wat in die toekoms op ons wag nie maar pak dit met geloof aan.

Mag die streek en SAWA van krag tot krag gaan.

Baie dankie

**Pieter van Biljon**  
**2 Augustus 2008**